# IGNITE 3

## A passion for change 2019

## Commitment vra egtheid

### Inleiding (*welcome)*

### Agtergrond (*word a)*

As Jesus sy bediening op aarde begin is dit met die woorde*:*

***"Bekeer julle want die koninkryk van God het naby gekom." – Matteus 4:17***

Of anders gestel:

***"Daar is 'n ander manier waarop jy kan leef wat in jou en die mense rondom jou en die wêreld waarin jy leef 'n baie groter en dieper verskil gaan maak... maar dit gaan van jou vra om heeltemal te verander."***

In die Bergpredikasie gee Jesus vir ons duidelike riglyne of beginsels waarop hierdie nuwe koninkryk gebou is. Ons ken dit. Ons lees dit baie gereeld maar ongelukkig leef ons dit nie altyd nie en juis daarom is vir ons die uitdaging om hiervolgens te begin leef.

**Wat pla jou die meeste van kerkmense?**

**Hoekom is dit so moeilik om eg en eerlik te wees?**

### Skriflesing: Lees Matteus 6:1-18 (*word b)*

- 'n Toegewyde Jood in die tyd van Jesus het 3 godsdienstige pligte baie streng nagekom: (1) Die gee van **aalmoese** aan armes, (2) gereelde **gebed** en (3) en hulle het gereeld **gevas**. Met watter gesindheid wil Jesus hê moet hierdie sake gebeur? Kyk na verse 1, 5, 16.

- Die groot saak waaroor dit vir Jesus gegaan het, was **dat mense nie enige godsdienstige aktiwiteit moes doen om mense te probeer beindruk nie**. Dan verloor dit dadelik hul waarde en impak. Jesus soek by sy volgelinge 'n ander gesindheid, of 'n ander hart, 'n ander motivering waarom ons godsdienstige sake doen. Watter gesindheid dink jy soek die Here by ons?
    - Vers 3
    - Vers 6
    - Vers 8
    - Vers 14-15
    - Vers 17-18

- Hoe kan gebed (v 9-13) ons te help om eg en eerlik te wees?

- Op ‘n hele paar plekke in hierdie gedeelte praat Jesus van ‘n **beloning** wat ons sal kry. Ons lees daarvan in verse 1-2, 4, 6, 16, 18. Wat dink julle is hierdie beloning?

- Dit is moontlik dat hierdie beloning waarvan Jesus praat heeltemal anders is as ‘n materiele aardse beloning of dalk net ‘n plek in die hemel. Onthou Jesus is besig om sy koninkryk op aarde te bou. Dalk is deel van die beloning hoe ons lewe op aarde anders an wees as ons saam met Jesus leef. Wat het die volgende verse daaroor te sê:
    - V 6
    - V 8
    - V 11-13
    - V 14
    - V 18

## Ons uitdaging is: (*works*)

Ons ken hierdie gedeelte baie goed en ons sukkel om eg en eerlik te wees.

i. Wat het jy nodig om jou te help om nie so baie te worry oor wat mense dink en sê nie?

ii. Wees eerlik oor waarmee jy die meeste sukkel – wat vir jou die moeilikste is.

## Ons bid vir: (*worship)*

1. Noem een saak uit hierdie gedeelte wat jy geleer het en wat jou die meeste challenge en vra die groep om vir jou daarvoor te bid.
2. Bid vir die uitdagings van hierdie nuwe jaar
3. Dank die Here vir sy voorbeeld en die uitdaging wat dit vir ons inhou.
4. Bid hardop die Onse Vader as groep saam (Dalk kan julle sommer die kinders se gebare gebruik om julle daarmee te help.)